

# Vrydag 21 Mei

|  |                                    |
|--|------------------------------------|
| <b>Skrifgedeelte: Jeremia 38:1-13<br/>(1933/53-vertaling of die 2020-<br/>vertaling)</b> | <b>Fokusgedeelte: Jeremia 38:4</b> |
|--|------------------------------------|

## **Soek ware vrede, nie valse vrede nie**

In die Hebreeus kom in vers 4 die bekende Hebreeuse woord *sjalom* voor, wat gewoonlik met “vrede” vertaal word, soos in die 1933/53-vertaling. Koning Sedekia se amptenare het Jeremia daarvan beskuldig dat hy nie vrede vir die volk soek nie, maar eerder hulle teenspoed of onheil. Jeremia se boodskap aan die koning en die volk was dat hulle hul aan die Babiloniërs, wat op daardie stadium die stad beleër het, moes oorgee.

Vir die koning se amptenare was dit verraad om mense aan te moedig om hulle aan die vyand oor te gee. Hulle wou nie besef dat Jerusalem se ondergang onomkeerbaar was nie. Dit was deel van die Here se oordeel oor sy ongehoorsame volk. Hulle sou die oorlog verloor, maar hulle kon die gevolge daarvan versag deur oor te gee. Sedekia, wat deur Nebukadnesar koning gemaak is en wat 'n eed van trou teenoor hom afgelê het, het teen Babel in opstand gekom. Die gevolge sou fataal wees. Die koning se amptenare het egter 'n valse vrede gesoek, omdat hulle nie na God wou luister nie. Wat hulle gedink het tot die volk se nadeel sou wees, sou eerder die ellende verminder.

Vrede kan nie gesoek word los van God nie. Hy het sy Seun gestuur om weer vrede tussen ons en God te bewerkstellig. Ons kan daardie vrede net beleef wanneer ons besef dat ons van God se genade afhanklik is en dat ons daarom oplossings moet soek wat volgens sy wil is. Wie dit nie doen nie, kan dalk tydelik dink dat sy of haar eie pad vrede sal bring. As ons pad egter nie God se pad is nie, kan ons nie ware vrede beleef nie, die vrede om te weet dat ons met God versoen is en dat ons elke dag in sy hand is.

*Sing: Psalm 17-1:5*

*Prof. HF (Herrie) van Rooy (Emeritus)*